

## Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie

# Hersiening van Namibië se Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie van 1963

## WAT DINK JY MOET DIE NUWE WET SÊ?

### Registrasie van die geboorte van 'n kind wat buite die huwelik gebore is

Die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie is tans besig om die Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie van 1963 te vervang met 'n nuwe wet wat beter voorsiening sal maak vir Namibië se behoeftes en meer prakties sal wees. Die Ministerie wil graag die publiek se opinie hê oor wat die nuwe wet moet sê.

#### 1. Die huidige regulasies vir die registrasie van die geboorte van 'n kind wat buite die huwelik gebore is

- Enigene van die twee ouers kan die geboorte van 'n kind wat buite die huwelik gebore is, registreer. Die **ma** van 'n kind wat buite die huwelik gebore is, hoef nie die pa se toestemming te hê om die kind se geboorte te registreer nie, en sy hoef nie die pa te noem as sy nie wil nie. Die **pa** sal net op die geboortesertifikaat genoem word as (a) hy sy vaderskap persoonlik of in 'n geswore verklaring erken het, en (b) beide die ma en die pa ingestem het dat hy as die pa op die geboortesertifikaat genoem word.
- Die kind kan die **ma se van** neem sonder die pa se toestemming, maar die kind kan die **pa se van** neem net as (a) die pa op die geboortesertifikaat genoem word, en (b) beide die ma en die pa hiertoe instem.



'n Beampte van die ministerie besig om 'n geboorte in die Mariental hospitaal te registreer.



Die ministerie gaan ook uit na gemeenskappe om geboortes te registreer. 'n Kind kan op enige ouderdom geregistreer word.

#### Huidige wetgewing in Namibië behandel ongetroude ma's en pa's op verskillende maniere. Is dit ongrondwetlike geslagsdiskriminasie?

Partykeer kan verskillende behandelings van ma's en pa's geregtig word vanweë hulle biologiese verskille. Die ma sal teenwoordig wees met die kind se geboorte, maar die pa sal dalk nie daar wees nie. Party van die regulasies in die wet kom egter uit die verlede toe dit nie so maklik was om te bewys wie die pa van 'n kind was nie. Nou kan mediese toetse gedoen word om 'n kind se pa te identifiseer. As 'n pa sy vaderskap kan bewys, kan hy sê dat hy die reg het om op die kind se geboortesertifikaat genoem te word, selfs al maak die ma beswaar. As die vaderskap bewys is deur middel van 'n DNS-toets, kan die ma sê dat dit op die geboortesertifikaat moet verskyn, ongeag die pa se houding.

**Ander regulasies vir getroude ouers:** As die ouers van die kind wat gebore is, getroud is, kan enigeen van die twee ouers die geboorte registreer, en enigeen van die twee ouers kan die besonderhede van beide ouers verskaf vir insluiting op die geboortesertifikaat.

#### 2. Wat gebeur in ander lande?

- **Suid-Afrika** se regulasies stem ooreen met dié in die huidige wetgewing in Namibië, met een belangrike byvoeging: As die ma nie toestemming gee dat die pa op die geboortesertifikaat genoem word nie, mag die pa by die Hooggeregshof aansoek doen om 'n bevel wat sy vaderskap verklaar en wat toelaat dat hy op die geboortesertifikaat genoem word, selfs sonder die ma se toestemming.
- **Botswana** het geslags-neutrale regulasies. Albei die ouers van die kind wat buite die huwelik gebore is, het 'n onafhanklike reg om ouerskap te erken en hulleself as 'n ouer van die kind op die geboortesertifikaat te laat noem.
- **Nieu-Seeland** het geslags-neutrale regulasies wat geen verskil maak tussen getroude en ongetroude ouers nie. 'n Ouer se besonderhede kan op die geboortesertifikaat genoem word as –
  - daardie ouer die geboorteregistrasievorm geteken het waarin ouerskap erken word
  - die vorm die besonderhede van albei ouers bevat, maar deur net een ouer geteken is AS die ministeriële beampte tevrede is dat die ander persoon wat genoem word, wel die kind se ouer is
  - daar 'n hofbevel is wat die ouerskap bevestig, of
  - die ouer 'n skriftelike versoek rig om genoem te word, wat nie deur die ander ouer teengestaan word nie.

Enige persoon wat geraak word deur die besluit om 'n persoon as ouer te noem of nie te noem nie, kan by die Familiëhof teen die besluit appelleer.

#### Wat moet Namibië se nuwe wet sê?

- 1) Moet daar verskillende regulasies wees vir die registrasie van die geboorte van 'n kind van **getroude en ongetroude ouers**? Moet daar verskillende regulasies wees vir **ma's en pa's**?
- 2) Moet 'n ouer **persoonlik** na die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie toe gaan om op 'n kind se geboortesertifikaat genoem te word? Of moet dit aanvaarbaar wees om albei ouers te noem as een ouer na die kantoor toe gaan met die ander ouer se **handtekening of 'n geswore verklaring** van die ander ouer?
- 3) Wat moet gebeur as **iemand as 'n ouer** op die kind se geboortesertifikaat **genoem wil wees**, maar **die ander ouer betwis die ouerskap of wil nie hê dat albei ouers genoem word nie**?
- 4) Veronderstel een ouer kan die ander ouer se identiteit bewys, byvoorbeeld met 'n vaderskapstoets wat die pa identifiseer, of 'n geboortekenningsgewing van die hospitaal wat die ma identifiseer. Moet 'n ouer met sodanige bewys die afwesige ouer se besonderhede kan registreer sonder daardie ouer se toestemming?
- 5) Moet 'n ongetroude ma of pa die naam van 'n **oorlede ouer** op 'n geboortesertifikaat kan byvoeg? Moet verlof verkry word van enigiemand anders, soos die familie van die oorledene? Watter bewys van ouerskap moet vereis word?

**Die nuwe wet moet ingestel wees op dit wat in die beste belang van die kind is.**



#### Stuur jou kommentaar na:

**SMS:** 081-6000098

**Epos:** feedback@mha.gov.na

**Faks:** 088-613693

**Posadres:** Posbus 604, Windhoek

**Facebook:** Hersiening van die Namibiese Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie

Vir meer inligting oor die hersieningsproses van die wet, kontak die **Ondersekretaris van die Departement van Burgerlike Registrasie, Lydia Kandetu**, by die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie in Windhoek: **lkandetu@mha.gov.na** of telefoonnommer **061-2922093**.

